HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 108 van 2026

7 Oktober 2026

Geagte Ouer/Voog

REËLINGS VIR BUFFELSPOORT TENNISTOER: TOT 9 TOT 11 OKTOBER 2026

Die toernooi vind vanaf **Vrydag, 9 Oktober 2026 tot Sondag, 11 Oktober 2026** plaas.

Ons vertrek op **Vrydag, 9 Oktober om 09:30**. Graad 10 en 11 leerders moet 06:30 by die skool wees om hulle toets te skryf in T9. Graad 8 en 9 leerders skryf gewone tyd in G9 by K. Hoogendoorn.

Mev. Liaan Colin en **mnr. Duncan Horak** sal die spanne gedurende die naweek vergesel en as spanbestuurders tydens die toernooi optree.

Die spelers en spanbestuurders sal by **ATKV Buffelspoort** tuisgaan.

Vier etes is by die naweek se verblyf ingesluit:

- Vrydag – aandete
- Saterdag – ontbyt en aandete
- Sondag – ontbyt

Daar is ook 'n winkel, wegneemete-fasiliteit en restaurant binne die oord waarvan die leerders gedurende die naweek gebruik kan maak. Leerders kan dus sakgeld vir addisionele etes, verversings en persoonlike uitgawes saamneem.

Vrydagaand vanaf 18:30 word daar 'n funksie vir die spelers aangebied waartydens hulle aan verskeie aktiwiteite kan deelneem. Leerders moet vir hierdie funksie oefenklere en tekkies aantrek.

Die toernooiprogram sal aan u gekommunikeer word, sodra ons dit ontvang. Aangeheg is 'n vrywaringsvorm asook 'n vorm vir mediese besonderhede wat asseblief voltooi moet word. Dit sal waardeer word as u die vorms so spoedig moontlik kan terugstuur, sodat finale reëlings getref kan word. Alle vorms moet asseblief na Me. Kyla Hoogendoorn gestuur word.

Spelers moet die volgende vir die toernooi inpak:

Seuns	Dogters
Stel 1	**Stel 1**
LO-hemp	LO-hemp
Vlootblou ("navy") tennisbroek	Vlootblou ("navy") tennisbroek
Wit tenniskouse	Wit tenniskouse
Stel 2	**Stel 2**
Wit ster tennishemp	Skool se tennishemp
Vlootblou ("navy") tennisbroek	Skool se tennis-*skort*
Wit tenniskouse	Wit tenniskouse
Stel 3	**Stel 3**
Blou ster tennishemp	Wit hemp
Wit tennisbroek	Swart tennisbroek
Wit tenniskouse	Wit tenniskouse

Benodighede vir die toer sluit in:

- Skoolsweetpak
- Warm klere
- Gewone klere na wedstryde
- Toiletware
- Waterbottel(s)
- Eie kussing
- Swemklere
- Handdoek – swem en bad
- Sakgeld
- Enige medisyne wat u kind neem (stel ons asseblief hiervan in kennis)

Indien daar enige navrae is, kan u Kyla Hoogendoorn by tennis@hsrandburg.co.za kontak.

Vriendelike Randjiegroete,

K. Hoogendoorn
Tennisorganiseerder

P. Booysen
Skoolhoof